

1. By **Lydende (passiewe) en bedrywende (aktiewe) vorm** moet jy die tyd van die sin kan bepaal. Jy moet ook die voorwerp en die onderwerp kan identifiseer. Daarna moet die voorwerp en die onderwerp plekke ruil, maar die nuwe sin se betekenis en tyd bly dieselfde.

Voorbeeld 1:

Sin: : Die man vang 'n vis.

Daar is 'n paar stappe wat jy moet volg om die sin korrek in die lydende vorm te skryf.

- Bepaal die tyd van die sin deur na die gesegde te kyk.

Die gesegde is vang. Die sin is dus in die teenwoordige tyd.

- Bepaal die Onderwerp – Dit/ die persoon wat die handeling doen. Jy vra dus die vraag: Wie of wat vang?

Onderwerp = Die man

- Bepaal die Voorwerp- Dit waarop/ op wie die handeling toegepas word. Jy vra dus die vraag: Vang wie/ wat?

Voorwerp = 'n vis

Let Wel: Die bostaande sin is dus in die bedrywende vorm.

In die Bedrywende vorm is die volgorde van die drie sinsdele = Onderwerp, daarna Gesegde, dan Voorwerp (Onthou dit as OGV)

- Ruil nou die plekke van die onderwerp en voorwerp om die lydende vorm te verkry.

Lydende vorm = Voorwerp Gesegde Onderwerp (VGO)

'n Vis word deur die man gevang.

- Skenk aandag aan die verandering van die werkwoord. Tyd Bedrywende vorm Lydende vorm

Teenwoordige tyd Die man vang 'n vis. 'n Vis word deur die man gevang.

Verlede Tyd Die man het 'n vis gevang. 'n Vis is deur die man gevang.

Toekomende Tyd Die man sal 'n vis vang. 'n Vis sal deur die man gevang word.

- **Die betekenis moet nie verander nie. Ons kan dus nie sê die man word deur die vis gevang nie.**

Voorbeeld 2:

- Die seun skop die bal.

Teenwoordige tyd: Die seun skop die bal. (Bedrywende vorm)

Die gesegde "skop" verander nou na "word geskop"

Lydende vorm = Die bal word deur die seun geskop.

- Die seun het die bal geskop.

Verlede tyd: Die seun het die bal geskop. (Bedrywende vorm)

Die gesegde “het geskop” verander na “is geskop”

Lydende vorm = Die bal is deur die seun geskop.

- Die seun sal die bal skop.

Toekomende tyd: Die seun sal die bal skop. (Bedrywende vorm)

Die gesegde “sal skop” verander na “sal geskop word”

Lydende vorm = Die bal sal deur die seun geskop word.

2. Leerwenke:

Leer die onderstaande stappe en pas dit toe elke keer as jy ‘n sin in die

Lydende of Bedrywende vorm moet skryf.

- Jy moet die tyd van die sin van die gesegde (werkwoord) kan aflei.
- Identifiseer die onderwerp en die voorwerp van die sin.
- Ruil die plekke van die onderwerp en voorwerp om.
- Die betekenis en tyd van die sin moet nie verander nie.

3. Hoe kan vrae oor die Lydende en Bedrywende vorm in ‘n eksamen gestel word?

Lydende vorm

- Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die vleispaleis verkoop net die beste vleis.

By hierdie vraag weet ons dat die gegewe sin in die bedrywende vorm is, want dit moet in die lydende vorm geskryf word.

Die volgorde is dus nou OGV. Jy moet eers bepaal in watter tyd die sin geskryf is.

Dit is in die teenwoordige tyd geskryf; daarom moet die gesegde van “verkoop” na “word verkoop” verander.

Die onderwerp (Die vleispaleis) en die voorwerp (net die beste vleis) moet plekke ruil, maar die betekenis moet dieselfde bly.

Die **antwoord: Net die beste vleis word deur die vleispaleis verkoop.**

- Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die leerders het die prente ingekleur.

By hierdie vraag weet ons dat die gegewe sin in die bedrywende vorm is, want dit moet in die lydende vorm geskryf word.

Dus OGV. Jy moet eers bepaal in watter tyd die sin geskryf is. Dit is in die verlede tyd geskryf;

daarom moet die gesegde van “het ingekleur” na “is ingekleur” verander.

Die onderwerp (Die leerders) en die voorwerp (die prente) moet plekke ruil, maar die betekenis moet dieselfde bly.

Die antwoord: Die prente is deur die leerders ingekleur.

Bedrywende vorm

- Skryf die sin in die BEDRYWENDE VORM.

Hy is deur die seun geboelie.

By hierdie vraag weet ons dat die gegewe sin in die lydende vorm is, want dit moet in die bedrywende vorm geskryf word.

Dus VGO. Jy moet eers bepaal in watter tyd die sin geskryf is. Dit is in die verlede tyd geskryf; daarom moet die gesegde van “is geboelie” na “het geboelie” verander.

Die voorwerp (Hy) en die onderwerp (die seun) moet plekke ruil, maar die betekenis moet dieselfde bly.

Die antwoord: Die seun het hom geboelie.

Let wel: Hy verander na hom in die bedrywende vorm.

- Skryf die sin in die BEDRYWENDE VORM.

Die koek sal deur haar gebak word.

By hierdie vraag weet ons dat die gegewe sin in die lydende vorm is, want dit moet in die bedrywende vorm geskryf word.

VGO. Jy moet eers bepaal in watter tyd die sin geskryf is.

Dit is in die toekomstige tyd geskryf; daarom moet die gesegde van “sal gebak word” na “sal bak” verander. Die voorwerp (Die koek) en die onderwerp (haar) moet plekke ruil, maar die betekenis moet dieselfde bly.

Die antwoord: Sy sal die koek bak.

Let wel: Haar verander na sy in die bedrywende vorm.

4. Foute wat leerders in eksamen vrae oor die Lydende en Bedrywende

Vorm begaan:

- Leerders gebruik “was deur” in plaas van “is deur” in die verlede tyd van die lydende vorm.

- Leerders verander die betekenis van die sin.

-

AKTIWITEITE/ ASSESSERING

Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg.

1. Skryf die onderstaande sin in die LYDENDE VORM

Onderwysers motiveer leerders om dit te gebruik.

2. Skryf die onderstaande sin oor in die LYDENDE VORM

Die groep het 'n goeie diens gelewer.

3. Skryf die onderstaande sin in die LYDENDE VORM

Die leerders sal rekenaars gebruik.

4. Skryf die onderstaande sin in die BEDRYWENDE VORM

Die huis sal deur hom geverf word.

5. Skryf die onderstaande sin in die BEDRYWENDE VORM

Die besoekers word deur die prinsipaal verwelkom.

6. Skryf die onderstaande sin in die BEDRYWENDE VORM

Winkels is deur die we berooft.